



Bank beter

BIED AAN

BEGROTING 101

JOU BEGINNERGIDS

SAAMGESTEL DEUR

LINDIE VAN GASS



www.bankbeter.co.za

Welkom

Haai daar! Welkom.

Jy kan jouself 'n klop op die skouer gee dat jy die eerste stap geneem het om finansiële vryheid te bereik. Ek kan nie wag om te hoor van jou sukses en ervaring nie.

Dit is belangrik om te besef dat die proses soms moeilik is en dat jy nie moet tou opgooi wanneer jy nie sommer in Maand 1 alreeds tonne spaar nie. Wees geduldig met jouself.

Die proses is 'n nimmereindigende een en dit raak uiteindelik deel van jou leefstyl.

Onthou ook dat hierdie net 'n riglyn is en dat daar baie verskillende paaie na Rome lei. Hierdie is ook net die begin - as jy 'n basiese begroting bemeester het, kan mens die volgende stap neem na ander doelwitte toe.

Voel dus welkom om die proses jou eie te maak. Jy kan my kontak as jy enige onsekerhede het gedurende die reis.

Gaan maak nou vir jou koffie en vat 'n oomblik om jou lewe uit te sorteer.

Oor en uit.

*Kindie
xx*



Inhoud

- 3 Stap 1: Waarheen is my geld?
- 5 Stap 1: Onderzoek
- 7 Stap 2: Ontwerp 'n begroting
- 8 50/30/20-riglyn
- 9 Stap 3: Begroting in aksie & wenke
- 12 Stap 4: Monitor
- 13 Wat nou?

Het jy geweet?

- As jy een 'brandy special' 'n maand minder drink vir 10 jaar en die geld belê teen 10% , sal jy na 10 jaar R10 200 hê.
- As jy R300 elke maand spaar en belê teen 10% vir vyf jaar , het jy R23 200 aan die einde van vyf jaar. Dis genoeg vir 'n oorsese vakansie!
- As jy elke maand van Januarie tot November R500 wegsit, het jy R5 500 in Desember wat jy vir Januarie se uitgawes kan gebruik sodat Januarie nie 6 maande lank voel nie.
- As jy bang is dat jy dit gebruik, kan jy dit elke maand op 'n geskenkkaart by jou gekose kruidenierswarewinkel sit en dan voila! Januarie se bekommernisse iets van die verlede.



Stap 1: Waarheen is my geld?

Voordat **ons vir ons geld kan sê waarheen om te gaan** moet ons vasstel waarheen presies dit verdwyn. Onderzoek jou laaste 3 maande se uitgawes en betalings.

Ons beseft nie altyd hoeveel geld ons op sekere dinge spandeer totdat ons dit nie van naby ondersoek nie. Al daardie klein uitgawes tel op.

Kry al die inligting tot jou beskikking bymekaar en maak 'n opsomming van waarop jy jou geld spandeer.

Indien jy vir byna al jou uitgawes jou kaart gebruik, trek sommer bankstate. Anders moet jy strokies, foto's van wat jy gedoen het en alles anders bymekaarmaak

en inspekteerder speel. Jy kan jou eie opsomming maak op grond van hoe jy jou geld spandeer omdat elke persoon verskillend lewe.

'n Paar moontlike kategorieë wat jy kan gebruik:

- Uiteet (jy kan koffies apart hou indien jy baie wegneemkoffie kry of gou koffie drink)
- Kruideniersware
- Huur
- Karpaaient
- Versekering
- Selfoon
- Data
- Herstelwerk




Hou op wonder waarheen jou geld
verdwyn elke maand...

SÊ VIR DIT WAARHEEN
OM TE GAAN

5005 1,2,3...

Stap 1: Onderzoek

Onderskei tussen vaste & veranderlike uitgawes



Vaste kostes is daardie uitgawes wat jy nie nou dadelik kan verander nie. Dit is gewoonlik met 'n kontrak verbind en sou jy iets daaraan wil verander moet jy eers 'n geruime tyd wag of redelike groot boetes betaal. Hierdie uitgawes is elke maand dieselfde en jy kan dit maklik voorspel. Dit sluit uitgawes soos akkommodasie (huur of paalement), karpaalemente, debietorders, selfoonkontrakte, versekering, salarisse, ensovoorts in.

Veranderlike kostes het jy 'n groter mate van beheer oor en is nie altyd elke maand dieselfde nie. Jy word nie kontraktueel verbind tot hierdie uitgawes nie of jy kan dit verander. Hierdie sluit uitgawes soos brandstof, lidmaatskapfooie, vermaak, verjaarsdae, naels, haarafsprake, sportgelde, kler, skoene en enige ander uitgawes wat nie vas is nie in. Dis hier waar jy makliker kan geld spaar.

Jy sal sien ek het **kruideniersware** gemerk - die rede hiervoor is dat kruideniersware 'n draadsitter is tussen vaste en veranderlike kostes. Kruideniersware is 'n vaste koste in die sin dat dit 'n behoefte is en jy kos nodig het om te lewe, maar jy kan beplan en op sekere maniere spaar daarop. Mens kan byvoorbeeld een pak minder skyfies koop of eerder die brood op spesiale aanbod vat as die een wat jy altyd vat.

Maak 'n opsomming van jou vaste en veranderlike kostes oor die laaste drie maande. Jy kan Excel, pen en papier of wat ook al jy die maklikste vind vir hierdie oefening, gebruik.

Daar is baie verskillende riglyne en teorieë vir hoe jou geld verdeel moet word tussen hierdie twee tipes uitgawes, maar ons kan op 'n later stadium meer daarvoor leer.

Stap 1: Onderzoek

Onderskei tussen behoefte & begeerte



Merk jou uitgawes as behoeftes of begeertes.

Hierdie is partykeer 'n moeilike oefening, want ons is al so gewoond daaraan om geld op sekere dinge te spandeer en aan 'n leefstyl, dat ons dinge wat eintlik begeertes is soms beskou as behoeftes.

'Wees eerlik met jouself, is jou klublidmaatskap vir tennis 'n behoefte? Is jou maandelikse naelafspraak 'n behoefte?

"Moet nie jou geld spandeer op die dinge wat jy reken jy *nodig* het nie, maar eerder op die dinge waarsonder jy letterlik nie kan *lewe* nie."



Stap 2: Ontwerp 'n begroting

Nou is ons uiteindelik by die ontwerp en begroot deel. Die belangrikste ding wat jy hier moet onthou is dat jy **realisties** moet wees en dat jy **geduldig** moet wees. Sny hier op die dinge wat jy gesien het jy spandeer meer geld op as wat jy dink nodig is. Stel 'n riglyn. Pas die konsep van "**betaal jouself eerste**" toe. Dit beteken jy besluit op 'n bedrag om te spaar voordat jy spandeer, eerder as om te spaar wat ook al oorbly nadat jy spandeer het. Jou veranderlike koste is die plek waar jy kan sny om te spaar op die korttermyn soos jy identifiseer het in 'n vorige stap.

Dit gaan nie help dat jy so streng begroting ontwerp dat jy nooit daarby gaan hou nie - so wees realisties. As daar dinge is wat jy wesenlik wil verander en besef jy spandeer te veel geld daaraan, doen dit in klein stappies. Jy gaan nie jou hele leefstyl in een maand verander nie.

Wees geduldig. As jy nie in die eerste maand al perfek spandeer soos jy beplan het nie - haal asem, en kyk hoe ver jy alreeds gekom het.

Daar is talle maniere om jou gewoontes rondom spandeer te verander of om te spaar op klein items, maar dit gaan nie indiepte ondersoek word in hierdie gids nie. 'n Paar wenke sal egter aan die einde ingesluit word.

Hier is 'n voorbeeld vir die uitleg van jou begroting:



Alle inkomste

Minus: Vaste uitgawes

Minus: Skuld

Minus: Spaar

Minus: Veranderlike


= *Oorskot/Tekort*

'n Deegliker model/voorbeeld op Excel kan op www.bankbeter.co.za verkry word.

Stap 2: Ontwerp 'n begroting

Die
50/30/20
riglyn.
deur Dave Ramsey

Daar is talle riglyne, wenke en idees wat mens in ag kan neem wanneer jy jou begroting opstel. Hierdie is nie eers naastenby 'n volledige gids nie. Hierdie is bloot om jou aan die gang te kry en dan is dit belangrik om dit eenvoudig te hou. Een van die beginsels wat baie bekend is, is Dave Ramsey se 50/30/20-riglyn. Dit gaan in meer detail in as mens dit van nader ondersoek, maar net so kortliks beteken dit dat jy die volgende as 'n riglyn in 'n begroting moet gebruik:



Hy gaan nog verder deur elkeen verder af te breek en sê hoeveel aan die onderliggende goed spandeer moet word, maar dis nie deel van die omvang van hierdie gids nie.

Die belangrike ding is om te onthou dat riglyne net riglyne is en nie in klip gegiet is nie. Dis bloot om jou te help.

Skuldpaaiemente en afbetalings kan deel vorm van 'Spaar' omdat die geld gespaar kan word wanneer jy die skuld gedelf/vereffen het.

Stap 3: Begroting in aksie

Die maklike deel is nou gedoen - die moeilike deel is om by die begroting te hou. Onthou net altyd hoekom jy begin het, veral wanneer die sjokolade op die rak by die kasregister jou naam skree.

Sit jou plan in aksie. Probeer om jouself heel maand te herinner hieraan. Jy gaan dit nie vir altyd so fyn moet dophou nie. Uiteindelik sal dit 'n gewoonte raak en sal jy weet wanneer jy te veel of iets spandeer.

'n Goeie manier is die outydse 'koevert-begroting' waar hulle slegs die bedrag wat begroot is vir 'n sekere uitgawe in 'n koevert gesit het. Dit is nie baie prakties om dit vandag so te doen nie, maar sekere banke laat jou toe om meer as een spaarrekening oop te maak sonder ekstra kostes. Maak 'n rekening vir jou groot

kategorieë en plaas dit oor na jou algemene rekening toe soos wat jy dit gebruik sodat jy beter beheer kan hê.

Dit kan ook werk om jou maandelikse geld vir vermaak, kruideniersware, ensovoorts te verdeel in die hoeveelheid weke van die maand en vir jouself 'n weeklikse toelaag te gee. Moet egter nie in die slaggat trap om by volgende week te 'leen' nie, want dit is 'n manier om 100% nie by die plan te hou nie.

Moenie kwaad wees vir jouself as jy nou en dan 'n slegte besluit maak nie. Jy is net mens en nuwe begrotingsgewoontes kan tot 90 dae neem om aan gewoond te raak. Op die volgende bladsy is 'n paar ekstra wenke om jou te help op die pad na sukses en finansiële vryheid.

www.bankbeter.co.za



'n Paar wenke

Dit gaan moeiliker gaan voordat dit beter gaan. Niks wat die moeite werd is om te doen is maklik nie - anders sou almal dit doen. Wanneer dit moeilik raak, herinner jouself hoekom jy dit doen. Dink aan die drome en die bevrydende gevoel en die las van jou skouers af aan die einde van elke maand.

Kyk mooi na dinge waarop jy geld spandeer. As jy byvoorbeeld elke maand R150 op tydskrifte spandeer, teken eerder aanlyn in?

Ondersoek jou bankkoste. Dit tel op. Bank jy slim?

Wees geduldig en probeer elke maand net 'n bietjie harder as jy dit nie onmiddelik regkry nie.

Maak gebruik van banke en winkels se 'rewards'-programme. Jy kan baie winskopies kry en dan ook nog punte om later te spandeer!

Kry eerder iemand vir 'n drankie of koffie by die huis as by 'n koffiewinkel of kroeg. Koffie en brandy specials is goedkoper by die huis.

Sit van Maand 1 af geld in 'n noodfonds, al gebruik jy dit al in Maand 1 en al is dit net R50. Begin iewers.

As jy nie beplan het om lekkernye te koop nie, moet nie dat die uitstallings langs jou in die tou by die kasregister jou verlei nie.

Beplan die week se spyskaart en inkopielys. Moet dit nie honger beplan of honger gaan inkopies doen nie!





DESIGNING A BUDGET IS AN ART AND...

*"Art is never
finished, only
abandoned."*

- Leonardo da Vinci

www.bankbeter.co.za

Stap 4: Monitor

Monitor aan die einde van die maand jou plan. Kyk wat het jy reggekry en wat nie en wat die redes daarvoor is.

Maak aanpassings indien dit nodig is en stel volgende maand se begroting op volgens die maand wat voorlê. Dalk het jy 'n troue van vriende waarvoor jy moet begroot, ensovoorts.

Sodra jy jou begroting onder die knie het en redelik by hom kan hou, kan jy die volgende stap neem. Dis nou waar jy daaraan begin werk om 15-30% van jou inkomste te spaar en seker maak jy raak ontslae van alle slegte skuld. Werk met 'n "zero base"-begroting in die oog - wat beteken dat as jy al jou inkomstes in ag neem en jy trek al jou betalings/uitgawes af, moet daar R0 oorbly. As jy byvoorbeeld R500 oor het, is jou begroting nog nie klaar nie. Jy moet vir die R500 'n plek gee om heen te gaan, al is dit byvoorbeeld R300 ekstra vir uiteet die maand en R200 ekstra vir spaar. Maak seker elke rand kry 'n plek. 'n Goeie begin is om alle oorskotgeld aanvanklik te gebruik om jou kleinste skuld eerste te begin afbetaal. As dit afbetaal is, beweeg na die tweede kleinste een, ensovoorts. Voordat jy jou oë uitvee, is jy skuldvry. Hulle noem hierdie metode die 'skuldsneeubal'.

Wees op die uitkyk vir ander artikels op www.bankbeter.co.za oor hoe om te begroot as jou inkomste wisselvallig is, of as jou inkomste klein/min is. Leer ook hoe om delgingsfondse ('sinking funds') te gebruik om jou doelwitte te bereik. Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg. Die is net die begin van jou reis na sukses in jou geldsake.

www.bankbeter.co.za



Wat nou?

Om 'n begroting te ontwerp is alreeds 'n baie belangrike stap op jou pad na finansiële vryheid, maar nog nie heeltemal voldoende nie. Wanneer jy jou begroting onder die knie het en reg is om die volgende stap te neem, is daar verskeie ander maniere hoe om dit te benader.


Hierdie stappe word egter nie ingesluit in hierdie gids nie, maar Bank Beter sal mettertyd materiaal ontwerp om jou ook te help met daardie deel van jou geldreis. Kontak ons gerus.

Bly dus ingeskakel op ons kanale om die beste van jou finansies te maak.

Hier is 'n voorbeeld van ander stappe wat ook geneem sal moet word. Alhoewel dit 'n rowwe prentjie skep, is dit nie noodwendig presies dieselfde vir almal nie. Ons elkeen is verskillend en daarom sal ons begrotings ook wees.

Vrywaring:

Alhoewel daar redelike stappe geneem is om seker te maak die inligting is akkuraat, kan die skrywers nie verantwoordelik gehou word vir enige foute nie. Enige inligting op of deur www.bankbeter.co.za word verskaf as algemene inligting/opinies en vorm nie deel van finansiële, belasting-, regs-, of ander advies/raadgewing nie. Die gebruik van die webtuiste/inligting geskied op eie risiko.



Alhoewel daar redelike stappe geneem is om seker te maak die inligting is akkuraat, kan die skrywers nie verantwoordelik gehou word vir enige foute nie.

Enige inligting op of deur www.bankbeter.co.za word verskaf as algemene inligting/opinies en vorm nie deel van finansiële, belasting-, regs-, of ander advies/raadgewing nie. Die gebruik van die webtuiste/inligting geskied op eie risiko.

Hierdie gids is nie herverkoopbaar nie.

VRYSWARING

SAAMGESTEL DEUR

LINDIE VAN GASS

